| | |
|---|---|
| *Meneer P. v. d. Merwe,* | 1d. |
| *Steijnstraat,* | |
| *Bloemfontein.* | |

Die twee is so blij, dat die moeilike werk verbij is, dat hulle buitekant toe hardloop. Hulle is nog net bijtijds om die hoenders in die hok te jaag.


## LES 3.

## HULLE MAAK KLAAR.

DIE dae voor hulle Bloemfontein toe sou gaan, het tog te lank vir Jaap en Annie geduur. Selfs in die skool kon hul nie altijd luister nie. Een slag het dit gebeur, dat hulle aardrijkskunde gehad het. Die kaart hang voor die klas en Meester vertel daarvan. Dan moes 'n kind voor die klas kom en 'n rivier of 'n dorp op die kaart aanwijs. So vertel Meester van die groot see, waar so baie skepe op rondvaar. Van die groot golwe, wat soms so groot is as huise, en waar die mense partijkeer in verdrink. Dan sê die Meester, dat die skepe ook bij enkele plekke in ons land kom, waar hulle die goed aflaai, wat hulle van ander lande gehaal het.

En toe vra hij opeens aan Annie: "Sê jij mij, Annie, waar land skepe in ons land?"


Annie het op die kaart gekijk net soos die ander kinders, maar sij het nie geluister nie. Sij het net gedink aan die uitnodiging van Oom Piet en dat dit nog maar 'n paar dae sou




duur voor hulle naar Bloemfontein sou gaan. Toe soek sij met haar oë op die kaart naar Bloemfontein en net toe sij die plekkie op die kaart gevind het, wat Bloemfontein moet voorstel, hoor sij met eens haar naam en dat die Meester haar iets vra. Maar wat dit is, dit kan sij nie sê nie. Sij word rooi in haar gesig

en sonder om verder te dink, sê sij somaar: "Bloemfontein? Meester!"

Waarom almaal so lag en Meester eers 'n bietjie kwaad lijk en dan saam lag, verstaan sij nie. Sij glo wel, dat die antwoord nie goed



genoeg is nie, maar meer weet sij daar nie van nie.

Meester het al gehoor, dat Annie en Jaap met die vakansie weg sal gaan en toe almaal weer 'n bietjie bedaard is, begrijp Meester gouw, waarom Annie die snaakse antwoord gegee het. Daarom spot hij haar nou en sê:

"So, Annie, is daar baie skepe in Bloem-

fontein ? Is daar ook see of vaar hulle oor die land ? Is dit altemit lugskepe ? Ja, dit mag wees, dis sekerlik lugskepe, wat daar is. Het Oom ook een ? En kom hij julle daarmee haal ? O, Annie, maar dis heerlik vir jou. In 'n lugskip van Kwaggafontein naar Bloemfontein ! " Meteens draai Meester hom naar die klas en sê : " Kinders, julle moet oormore goed naar die lug kijk. Dan kom die Oom van Annie hiernatoe vlie met 'n lugskip. Hoe laat sal hij kom, Annie ? "

Die kinders lag, dat die banke skud, Annie buig haar hoof vooroor op haar arms, so skaam is sij, en Jaap, wat daar niks van begrijp het nie, kijk ewe boos naar die Meester, omdat hij sij sussie so spot.

## LES 4.

## VOOR DIE VERTREK.

TWEE dae later is die tijd daar om te vertrek. Vroeg-vroeg die more is hulle almaal op. Annie en Jaap is tog te haastig om te vertrek. Hulle kan nie langer wag nie. Gelijk met die son is hulle op en aangetrek. Ma het die dag te vore die portmento al gepak. Alles is daar in : klere en skoene, en ook brood en koek om in die trein

te eet, biltong vir Tante, 'n nuwe pijp vir Oom en presente vir die neef en die niggie.

Brekfis het hulle maar baie min geëet so opgewonde was hulle, en toe die kar voor die deur stilhou was hulle al te blij en uitgelate. Ma het nie so lekker gevoel, dat hulle so lank van haar moet weggaan nie en haar oë was vol trane toe sij hulle groet. Pa bring hulle weg. Ma blij alleen thuis. Sij voel glad nie opgeruimd nie en sij dink dat dit baie stil sal wees bij die huis sonder daardie twee kinders.

"Vat!" sê Pa, en weg rij hulle. Dis omkijk en groet en waai met hulle sakdoeke tot aan die draai om die koppie. Nog eenmaal kijk hulle om naar die plaas. Daar sien hulle nog 'n wit stippie in die lug. Dis natuurlik van Ma of Koos en dan . . . verdwijn die ou liewe plekkie uit die gesig vir 'n paar weke.

Maar Annie en Jaap is alweer besig om oor die trein te dink. Want vir die eerste maal sal hulle nou deur die ijsterperd getrek word. So het die tijd hulle nie verveel nie en voor hulle uitgepraat is, is hulle al bij die stasie.

Die jong haal die portmento af en bring hom op die platform, waar die trein sal kom. Jaap is nou nie meer so bang nie, als daardie keer, toe hij sij Pa gaan haal het. Toe die trein inkom, hou hij aan sij Pa vas, maar dit was

meer, omdat daar so baie mense was en nie omdat hij bang was nie.

Gouw-gouw het hulle 'n plek gekrij in een van die kompartemente, waar al reeds drie mense sit. So sal hulle dan verder saam reis. Jaap sou liewers alleen met Pa en Annie gereis



het, maar dit kon nou nie anders nie; hul sit daar nou en kijk bij die venster uit. Dis lekker, hulle het albei 'n plekkie bij 'n venster gekrij en kan nou goed sien, waar hulle verbij rij.

Maar dis snaaks vir Jaap. Dit lijk vir hom net of hulle stilstaan en die veld aan die ander kant wegvlie. En gouw! Nee, maar dis

vreeslik, so gouw as dit gaan. Die pale langs die kant kan jij amper nie tel nie. Net soos jij hulle sien, is hulle alweer weg.

Maar as Jaap goed kijk, lijk dit amper, of die lande ronddraai. Die wat ver weg is, blij staan en die wat digtebij die trein is, vlie. Nee, dis tog te wonderlik in die trein. Baie anders as in die ossewa.

## LES 5.

## DIE NAG.

TOE dit aand word, begin die lampies meteens te brand, en dis nou buitekant so donker, dat hulle niks meer kan sien nie. Hulle het nou maar geblij sit en geluister naar wat die ander mense en Pa gepraat het. Ook het hulle koek en brood geëet en so het dit tijd geword om te gaan slaap. Jaap het vaak en leun met sij kop teen sij Pa en Annie gaap ook nou en dan. Daarom sê Pa, dat hulle maar moet gaan slaap. Maar dis nou juis 'n moeilike ding. Daar is nie 'n bed soos bij die huis nie. Hulle moet nou op die twee hoogste banke slaap, waar die portmento's en pakkies gestaan het. Daar word nou 'n kombers oop gegooi en dan een, twee, drie, tel Pa Jaap hoog in die lug op en sit hom in die bed. Soe, maar die bed is hard,

dink Jaap. Nou krij hij nog 'n ander kombers oor hom en onder sij hoof het hij 'n kussing. Daar lê hij. Die lampie brand dig bij hom. Toe hij sij kop optel, sien hij Annie aan die ander kant lê. Onder hom hoor hij praat. Dit lijk vir hom so snaaks, daar wil hij tog meer van sien. Hij buig hom oor die sijplank van sij bed en kijk ondertoe.

PA. "So, man! is jij nog wakker? Lê jij lekker?"

Nou kijk al die ander mense ook en Jaap voel skaam. Hij laat hom weer gouw agteroor op sij kussing val.

Daar vlak bij sij hoof sien Jaap 'n klein ronde koper knoppie. Wat is dit? Jaap weet nie, maar hij vat daar aan en speel daarmee. Hij druk so 'n bietjie daarop en tjoeps! eer hij weet, wat daar gebeur, is die lamp dood. Dis nou amper heeltemaal donker, net een lampie brand nog.

PA. "Jaap, wat het jij gedoen?"

JAAP. "Ek weet nie, Pa."

PA. "Het jij aan die knoppie gedruk?"

JAAP. "Ja, Pa!"

Daar kom Pa met sij hoof bo die bed van Jaap. "Knip," gaan die knoppie en daar brand die lampie weer. Jaap het die knoppie verder met rus gelaat. Hij kijk nog ewe naar

Annie en toe hij sien, dat sij al slaap, gaan lê hij ook en dit duur nie lank nie of hij is ook vas aan die slaap. Tjoeke-tjoeke! tjoeke-tjoeke! gaan die trein maar al verder en sonder hulle dit voel kom hulle digter bij Bloemfontein, tot eindelik . . . maar dit sal ons in die volgende lessie sien.

## LES 6.

## IN BLOEMFONTEIN.

"JAAP! Jaap!" Dit was die eerste woorde wat Jaap hoor, toe hij wakker word. Hij weet nie, waar hij is nie. Hij kijk rond, sien die lampie weer en nou herinner hij hom weer, wat met daardie ou lampie gebeur het. Ja, hij is nog in die trein. En aan die ander kant lê mos sij sussie. Maar toe hij kijk, nee, toe is daardie bed al leeg. Maar sij Pa staan vlak voor hom. Nou begin hij te verstaan, dat hij moet opstaan.

PA. "Jaap, kom mij kind! Ons is in Bloemfontein. Ons moet afklim."

Wip, spring Jaap orent.

JAAP. "Eina!"

PA. "Ja, Jaap! Ons is nie bij die huis nie! Daar het jij dit nou. Nou stamp jij jouw kop aan die kap. Het jij seer gekrij?"

Jaap vrijwe nog 'n keer oor sij hare, dan

buig hij hom vooroor en woeps, daar vlie hij deur die lug. Sij Pa sit hom op die grond neer. Daar kom sij Tante al aan en groet hom en soen hom en neem hom saam uit die trein. Pa volg met die portmento en daar staan hulle nou weer op die platform. Maar dis 'n ander platform as daardie waar hulle opgeklim het. Ai! maar hier is baie mense! En skreeuw! Wat dit alles beteken, weet hij nie, maar dis tog te erg. Hij is blij as hulle 'n pad kan krij om deur te kom. Hij hoor net: "Bloemfontein Hotel!" en nog ander name van hotels, wat hij nie kan verstaan nie. Mense, wat weer wil saam gaan met die trein, soek plek, Kaffers kom agterna met die goed. Jaap voel gelukkig, nou dat hij aan die buitekant van die stasie staan. Maar hier is dit ook woelig. So 'n groot dorp het hij nog nooit gesien nie. Vlak voor hom sien hij 'n groot plein. Daar vlie en swaai en draai motorkarre en rijtuie met perde, daar sien hij waarlik ook die trem. Daar het sij Pa hom al van vertel en belowe, dat hij daar ook in mag rij. En gedurig kom daar nog mense, wat stasie toe gaan. Daar staan 'n groot rij motorkarre en wag, en die drijwers steek hul hande op en skreeuw nes of hulle almaal bekendes sien kom uit die stasie.

Eindelik kom een van hulle naar Pa toe,

Pa praat met hom en nou gaan almaal, Tante ook, in die motorkar en hulle rij weg.

Die wa rij so lekker, en daar is so baie te sien, dat Jaap graag 'n uur lank sou gerij het. Maar dit kan nie. Net 'n paar minute duur



dit en hulle is bij die huis van Oom. Oom woon so half aan die buitekant van die dorp.

## LES 7.

## BIJ OOM.

DIESELFDE middag, wat hulle gekom het, is Jaap en Annie met hulle neef en niggie in die

agterplaas van Oom. Oom het 'n groot erf, al is dit natuurlik veel kleiner als die plaas van Pa. In die agterplaas staan 'n paar hokke, want Oom het baie hoenders. En nie somaar gewone hoenders nie! Oom het verskillende soorte opregte hoenders. Nou gaan hulle saam rond en kijk. Neef Gert, wat altijd vir die hoenders moet sorg, wijs die tweë gaste, watter soorte hulle het.

GERT. "Kijk, dis die leghorns. Hulle is goeie lêërs, maar hulle is nie al te groot nie. Hierdie haan is nou 'n jaar oud. Is dit nie 'n mooi haan nie? Wie hom wil koop, moet 'n pond vir hom betaal."

ANNIE. "'n Pond? Maar dan wil ek hom nie hê nie. Ons s'n is ook mooi, maar hij kos nie meer als drie shillings nie."

GERT. "Ja, maar hierdie haan is baie mooier. Daarom is hij so duur."

Toe hulle bij 'n ander hok kom, sê Gert:

"Dis koekoek hoenders hierdie! is hulle nie pragtig nie? Kijk, hoe mooi is die veertjies gekleur! Almaal grijs met wit vlekkies. En sien julle ook, hoe reëlmatig die vlekkies is? As daar 'n foutjie in die vlekkies is, wil die mense nie veel daarvoor betaal nie. Alleen as al die veertjies eenders lijk, dan kos hulle baie."

ANNIE. " Waarom ? Hulle lê tog net soveel eiers ? "

GERT. " Ja, maar dan is hulle nie so mooi nie. Daarom is dit. "

JAAP. " Waar is die kuikentjies ? Dis die mooiste van almaal."

GERT. " Jij sal hulle net nou sien."

En toe kom hulle bij 'n groot hok vol met klein kuikentjies. Daar was partij, wat nog maar pas uit die dop gekom het. Hulle is nog baie klein. Van die ander is daar, wat al klein-klein stertjies het en partij is al sonder die ma. Maar hulle is almaal mooi. Jaap kan daar nie van wegkom nie. Hulle het ook kuikentjies op die plaas, maar nie so baie nie en ook nie sulke mooies nie. Partij is spierwit, partij is pikswart, en partij is weer grijs. Al die soorte is afsonderlik. Og, maar hulle is tog liewe klein goetjies. Vir Jaap en Annie is hulle so mooi, dat hulle aldag saam gaan met Gert, as hij hulle kos moet gee.

## LES 8.

## DIE DIERETUIN.

### I.

JAAP en Annie het natuurlik nog nooit 'n dieretuin gesien nie, en, daarom was hulle baie

nuwsgierig om die plek te gaan sien. Tog het hulle nie gevra nie, maar geduldig, of liewers ongeduldig gewag, totdat Tante of Oom hulle daarnatoe sou bring.

Gelukkig het dit nie al te lank geduur nie. Reeds die volgende dag sê Tante, dat hulle die



agtermiddag, as die huiswerk klaar is, naar die dieretuin sou gaan.


So gaan toe almaal die agtermiddag op pad, elkeen met 'n sak vol ou broodkorsies.

Die twee plaaskinders sien al baie voor hulle daar is. Hulle sien 'n fontein en mooi blomme, maar daar neem hulle nie veel notisie van nie. Die bobejane wil hulle sien.

En nou staan hulle voor die hek.

GERT. "Kijk, Annie! As ik mij arm rondswaai, dink daardie bobejaan, dat hij brood krij. En hij weet, dan moet hij eers bolmakiesie slaan, anders krij hij niks nie. Nou moet julle kijk."

Gert swaai sij arm rond en ja, daar draai



hij bolmakiesie! Weer 'n slag! Sjoeps, daar vlie 'n stukkie brood. Ai! dis te ver. Hij kan dit nie krij nie. Maar wat maak hij nou? Hij steek sij agterpoot uit . . . nog 'n bietjie . . . daar het hij dit. Nou sit hij rustig neer, en eet die korsie lekker op, maar die selfde tijd, kijk hij met die skelm ogies oral rond, om te sien, of daar nog meer sal kom. Ja, die bobejaan is

slim. Wat is dit? Daar baklei die twee, wat langes mekaar elkeen aan 'n ketting vasgemaak is. Hulle kan mekaar net met die agterpote raak, maar hoor, hoe skreeuw hulle en hoe kwaad is die een, omdat die ander 'n korsie gekrij het, en hij self niks gekrij het nie. Dis ook geen wonder nie. Hij wil nie rondspring nie. Hij wil sij brood nie verdien nie. Nou ja, dis met ape, net soos met mense. Wie nie werk nie, sal nie eet nie. Maar misskien is die bobejaan nie slim genoeg om dit te verstaan nie.

## LES 9.

## DIE DIERETUIN.

### II.

NOU kom hulle bij die wildebeeste.

GERT. "Kan julle glo, dat daardie wildebeeste vroeër oral op die plase geloop het? Nou is daar maar baie min. Hier sien jij hulle nooit meer nie."

JAAP. "Oom Johannes het nog partij op sij plaas."

GERT. "Nou ja, dit mag wees, maar daar is tog nog maar min. So is dit ook met die blesbokke en die springbokke. Hulle word al minder."